RAADSBELEID

ONDERWERP : VERKOOP VAN GEDROOGDE RIOOLSLYK VIR BEMESTINGDOELEINDES

VERWYSING : 16.4.R

BESLUIT NR : 12.4/03/2003 DATUM : 31 Maart 2003

BELEIDSOOGMERK : Om die verkoop van oortollige rioolslyk, wat nie vir munisipale doeleindes benodig word nie, te reguleer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Om, as 'n diens aan die gemeenskap, die verkoop van gedroogde rioolslyk vir bemestingdoeleindes moontlik te maak.

RIGLYNE

1. Slegs oortollige rioolslyk, wat nie vir munisipale gebruik bestem is nie, word aan die publiek beskikbaar gestel.

2. Volgens die permitvoorwaardes van Departement van Waterwese en Bosbou, mag rioolslyk slegs aan die landbousektor verkoop word.

3. 'n Vrywaringsvorm moet ingevul word waarin die koper onderneem om nie die gedroogde rioolslyk op wortelgewasse toe te dien nie.

4 Individuele kopers word tot 50m^3 rioolslyk per keer beperk, ten einde alle aansoekers 'n regverdige kans te bied.

5. Die tarief vir die verkoop van rioolslyk word in die tariefbundel uiteengesit en is jaarliks hersienbaar.

PROSEDURE

1. 'n Voornemende koper van rioolslyk kontak die Subdirektoraat Siviele Ingenieursdienste.

2. Daar word by die Superintendent Rioolsuiwering vasgestel wat die beskikbaarheid van oortollige gedroogde rioolslyk is.

3. 'n Vrywaringsooreenkoms word by die Administratiewe Assistent (Ingenieurs) voltooi, die toepaslike inbetaling word by die kassiere gedoen en 'n kwitansie word uitgereik.

4. Voormelde kwitansie word aan die Superintendent Rioolsuiwering oorhandig waarna die rioolslyk gelaai mag word.

5. Die gedroogde rioolslyk word slegs op weeksdae tussen **08:00 en 15:00** deur die koper **self** gelaai.

ROLLE

Personeel van die Subdirektoraat Siviele Ingenieursdienste.

VERWANTE BELEID

Tariefbundel.
Permitvoorwaardes vir Rioolsuiwering deur die Departement van Waterwese en Bosbou.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.